Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2012

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: ROMAN | (35) |
| AFDELING B: DRAMA | (35) |
| AFDELING C: KORTVERHALE | (35) |
| AFDELING D: GEDIGTE | (35) |

2. Beantwoord TWEE vrae: EEN uit ELK van die TWEE afdelings wat jou skool gekies het. (Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.)

3. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie.

   - Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy.
   - Merk die vraagnommers van die letterkundeteks wat jy in die klas behandel het.
   - Lees daarna slegs die vrae oor die boeke wat jy gedoen het.
   - Kies die tipe vraag wat jy wil doen.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling.

5. Voorgestelde tydsaanduiding: ongeveer 60 minute per afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Kies die TWEE genres wat jy vanjaar behandel het.
Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A of B of C, maar beantwoord TWEE gedigte (17½ x 2) indien jy AFDELING D kies.

**AFDELING A: ROMAN**
**Beantwoord ENIGE EEN van die volgende vrae:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 1: | *Kringe in 'n Bos* | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 2: | *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 3: | *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 4: | *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 5: | *Meeulanders* | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 6: | *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**AFDELING B: DRAMA**
**Beantwoord ENIGE EEN van die volgende vrae:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 7: | *Poppie* – die drama | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 8: | *Poppie* – die drama | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 9: | *Paljas* | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 10: | *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**AFDELING C: KORTVERHALE**
**Beantwoord ENIGE EEN van die volgende vrae:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 11: | *Astra castra* | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 12: | *Die pakkie* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

## AFDELING D: GEDIGTE
**Beantwoord vrae oor enige TWEE van die volgende gedigte:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 13: | *Woorde* | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 14: | *Thumela* | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 15: | *Spore op die maan* | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 16: | *Wie's hy?* | Kontekstuele vraag | 17½ punte |

## AFDELING A: ROMAN

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

***KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee**

**Van Saul se kindertyd af was Oupoot sy "droom-olifant".**

Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde waarin jy die band tussen Saul en Oupoot beskryf.
Jou opstel moet 'n inleiding en slot hê.

Let veral op die volgende:

- Bespreek die kere dat Saul Oupoot raakgeloop het.
- Die verhouding tussen Saul en Oupoot.
- Die ooreenkomste tussen Saul en Oupoot. **[35]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN ’n BOS – Dalene Matthee***

Lees die volgende uittreksel goed deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Dit het winter geword in die houtskuur. Die koue en die klamte het soos muf in sy liggaam ingetrek sodat sy lyf soggens stadig reguit moes kom.
>
> Dit was ’n Sondagmiddag en hy het agter die skuur in die son gesit om warm te kom.
>
> “Hallo, Charles Dickens!” Sy het skielik op die hoek van die skuur gestaan. Die donkerblou fluweelband wat haar lang, blink hare uit haar gesig gehou het, was dieselfde kleur as haar rok. Angstig nuuskierig, soos een wat geweet het sy trap op verbode grond, het sy nader gekom en ’n guitigheid het in haar groot, donker oë gespeel. “Ek sê hallo, Charles Dickens!”
>
> “My naam is Saul Barnard,” het hy botweg gesê en anderpad gekyk. MacDonald het ’n streep tussen die skuur en die huis getrek waaroor ’n handlanger dit nie eens sou waag om te kýk nie. Die streep was vir Kate ook getrek, MacDonald moes haar gereeld terugstuur na háár kant toe. Maar keer op keer het sy dit maar weer na hierdie kant toe oortree en Saul het geleer om te maak of hy haar nie sien nie.
>
> Sy het tot by hom gekom. “Die kinders by die skool is tog jaloers omdat ons ons eie Charles Dickens het,” het sy vermakerig gesê.
>
> “Onthou net om vir jou pa te sê dat jy self hiernatoe gekom het. Ek wil niks met julle te doen hê nie.”
>
> "Charles Dickens moes onder in ’n koue kelder, waar daar rotte en vlermuise en spinnekoppe was, papier op bottels plak. En as hy nie goed genoeg geplak het nie, het hulle sy kos afgevat en sy ore getrek.” Dit het geklink of dit vir haar ’n saak van groot bewondering was.
>
> Hy had nie lus vir moeilikheid nie. “As jou pa jou hier kry, sal hy my velle aftrek.”
>
> (ble. 100 – 101)

2.1 By wie het mnr. MacDonald van Kate se besoeke op Sondae aan Saul in die houtskuur gehoor? (1)

2.2 Wat van Kate wat as bewysstuk van haar besoeke dien, is in die houtskuur gevind? (1)

2.3 Waarom was Kate se besoeke vir Saul belangrik? Gee DRIE redes. (3)

2.4 2.4.1 Met watter storieboekskrywer is Saul vergelyk? (1)

2.4.2 Waarom is die vergelyking gemaak? (2)

2.5 Hoe lank het Saul vir MacDonald as houtkneg gewerk? (1)

2.6 Kies die *korrekte* antwoord.

Die grootvoete waarna daar in die roman verwys word, is …

A jakkalse.
B die houtkappers.
C olifante. (1)

2.7 **Gedurende die tyd wat Saul by MacDonald gewerk het, het hy geleer dat die lewe 'n skewe sirkel is.**

Gee TWEE voorbeelde hiervan wat Saul in dié tyd teëgekom het. (2)

2.8 Watter nuus het veroorsaak dat Saul by MacDonald ophou werk? (2)

2.9 Noem TWEE maniere hoe Kate gestraf is omdat sy besoek by Saul afgelê het. (2)

2.10 Pas die naam in KOLOM B by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die nommer (2.10.1 – 2.10.5) en die LETTER (A – G) van die antwoord wat jy kies neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.10.1 | Saul se broer | A | Godsiekte |
| 2.10.2 | Houtkapper in die dorp | B | Patterson |
| 2.10.3 | Saul se ma en suster is hieraan dood | C | Arend Botha |
| 2.10.4 | Deur MacDonald gehuur om goud in die bos te prospekteer | D | MacDonald |
| 2.10.5. | Sterf aan bloedvergifting | E | waterpokkies |
| | | F | Jozef |
| | | G | Joram Barnard |

(5 x 1) (5)

2.11 Wie is Harison? (1)

2.12 Vul die korrekte antwoord in.

2.12.1 Patterson was sy gruis met 'n … (1)

2.12.2 Die beste manier volgens hom om gruis mee te was, was met 'n … (1)

2.13 Gee die korrekte antwoord.

2.13.1 In watter deel van die bos het Saul gaan delf? (1)

2.13.2 Saul verkoop sy eerste goud aan … (1)

2.13.3 Hoeveel het hy vir sy goud ontvang? (1)

2.14 2.14.1 Wie het vir Saul van sy pa se dood kom vertel? (1)

2.14.2 Hoe het sy pa gesterf? (1)

2.15 Wat het Kate ŉ paar jaar lank in die Bos gedoen? (1)

2.16 Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord. (Daar sal geen punt toegeken word as daar nie ŉ motivering is nie.)

2.16.1 Die dag van Oupoot se dood, het Kate vir Saul in George gaan wag. (2)

2.16.2 Saul kon hom nooit werklik van die Bos losmaak nie. (2)

2.17 Waarom was Oupoot so ŉ groot trofee vir enige jagter? (1)
**[35]**

**VRAAG 3: OPSTELVRAAG**

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

**Hanna sê dat haar ingewikkelde gesin een van die eienskappe is wat haar laat uitstaan.**

Skryf ŉ OPSTEL van 250 – 300 woorde waarin jy die volgende bespreek.
Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê.

Verwys in jou opstel na die volgende:

- Hoe Hanna se familie saamgestel is.
- Hanna se verhouding met Gavin
- Hoe Hanna uiteindelik vir Gavin aanvaar soos hy is. **[35]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

### *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die onderstaande uittreksels sorgvuldig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Dis huis waar Fabienne en Camille gebore is. Natuurlik nie *in* die huis nie, hulle is soos normale babas in 'n hospitaal gebore, maar dis die huis waarheen die ma met die groen vingers hulle gebring het toe hulle 'n paar dae oud was. En Fabienne het gewéét, van sy haar verstand gekry het, dat sy in hierdie huis hoort. Dat sy by die regte pa en ma beland het.
>
> Of miskien sal ek haar soms, net so nou en dan, laat wonder of haar ma nie eerder 'n mallerige kunstenares moes gewees het nie. Net om haar bietjie interessanter te maak. Tot dusver klink sy darem te veel soos 'n drip. So kom ons maak vir Fabienne kunstig. Besonder kunstig. Maar sonder 'n kunstenaar se morsige persoonlikheid.
>
> Op die ouderdom van twee teken sy 'n volmaakte stokmannetjie. Op ses skilder sy stillewes, blomme uit haar ma se tuin wat haar pa duidelik herken, daardie een is 'n roos en daardie 'n affodil en daardie 'n magrietjie! So dis normaal dat sy soms sal wonder waar haar talent vandaan kom. Met 'n ma wat heeldag in die grond rondgrawe en 'n pa wat heeldag in ander mense se monde rondgrawe.
>
> En dan word sy die oggend wakker, ná 'n eienaardige droom oor 'n meisie met die naam Hanna Hoekom wat saam met 'n spul wilde broers in 'n spektakel van 'n huis woon, en sy onthou dat die meisie se ma 'n woeste boskasie van 'n haarstyl gehad het wat met verfkwaste bo-op haar kop vasgesteek was. En haar eerste verwarde gedagte is: Miskien is daardie verfkwasvrou my ma? En dan vryf sy haar oë en skuif regop en besluit dit was net 'n nagmerrie.
>
> Maar die saadjie van twyfel is geplant. Daardie aand aan tafel, terwyl hulle sappige biefstuk en gebakte aartappels eet, kyk sy na haar pa wat nooit enigiets teken nie (behalwe tjeks) en haar ma wat nooit enigiets verf nie (behalwe haar lippe soggens voor die spieël) en sy kry die kriewelrige gevoel dat sy nie aan hierdie tafel hoort nie. Sy druk dit dadelik dood, die ry miertjies wat deur haar maag marsjeer, en vra wat daar is vir nagereg. Tuisgemaakte sjokolademousse, antwoord haar suster met 'n trotse glimlag. Camille het 'n slag in die kombuis, veral met soetgoed, en gewoonlik is Fabienne mal oor haar suster se poedings. Maar vanaand proe die mousse soos modder…
>
> (ble. 29 – 30)

4.1 Wie skryf die storie van Fabienne? (1)

4.2 Waarom is Mana die "verfkwasvrou" genoem? (1)

4.3 Waarvan droom Fabienne elke keer? (2)

4.4 Waarom noem Fabienne haar …

4.4.1 ma groenvingers? (2)

4.4.2 sussie suikervingers? (2)

4.4.3 pa bloedvingers? (2)

4.5 Vul die ontbrekende woorde in die volgende sinne in:

Fabienne is Hanna se ... ... . Die karakter Fabienne word dus in die verhaal die karakter wat ... graag wil wees. (2)

4.6 Beskryf die gesin se nagmerrierit na die huis op die berg. (4)

4.7 Skryf TWEE verskille tussen Beyers en Gavin neer.
Doen dit in tabelvorm soos aangedui.

| Beyers | | Gavin |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |

(2)

4.8 Kies die korrekte antwoord.

4.8.1 Sprokiesagtig beteken …

A skepties.
B geloofwaardig.
C fabelagtig.
D onbeskryflik. (1)

4.8.2 Beyer se gewese vrou is …

A Fabienne
B Mana.
C Hanna.
D Margot. (1)

4.8.3 Tibo kan beskryf word as ...

A irriterend.
B ŉ koel tiener.
C ŉ rykmanskind.
D eksentriek. (1)

4.9 Watter moontlike nuwe name word vir die baba voorgestel? Noem enige EEN. (1)

4.10 Wat is die betekenis van hierdie naam? (1)

4.11 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Gee ŉ rede vir jou antwoord.

Mana is ŉ konserwatiewe ma en onderwyseres. (2)

4.12 "Vir my sal jy altyd Hanna Hoekom bly."

Wat kan ŉ mens uit hierdie aanhaling aflei oor Mana se gevoel vir Hanna? (2)

4.13 Pas die naam in KOLOM B by die aanhaling in KOLOM A. Skryf slegs die NOMMER (4.13.1 – 4.13.5) en die LETTER (A – F) van die antwoord wat jy kies.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.13.1 | "Ek hou van ŉ kortverhaal wat as ŉ 'slice of life' aangebied word." | A | Yann |
| 4.13.2 | "Hoe gaan ek ooit enigiets hoor oor my pa?" | B | Hanna |
| 4.13.3 | "Jy lyk nie soos die vader van enige iets nie, Gavin. | C | Beyers |
| 4.13.4 | "Hoekom moet ek help afstof?" | D | Gavin |
| 4.13.5 | "As ons praat van mislukte ouers ... wel dan kyk jy na die wêreldkampioen." | E | Tibo |
| | | F | Margot |

(5 x 1) (5)

4.14 Watter tipe verteller vind ons in die verhaal? (1)

4.15 Wat is die tema van die verhaal? (2)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 5: OPSTELVRAAG

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

**Die sentrale tema van die verhaal is geheimhouding en die gevolge daarvan.**

Skryf ŉ OPSTEL van 250 – 300 woorde waarin jy die volgende geheime bespreek en watter invloed dit op Elsabet se lewe gehad het.

Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê.

Let op die volgende in jou antwoord:

- Kinnie se geheim
- Ryna, Jacob en Jannerik se geheim
- Elsabet se geheime verhouding met Fred
- Fred se geheim tydens hulle huwelik. **[35]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

## *MEEULANDERS* – Esta Steyn

In die lig van die vlamme het Jannerik na sy kaptein se gesig gekyk en gesien hoe die groot man aan't breek was.

"Wat help dit! Hier sal in elk geval nie 'n boot kan inkom nie!"

"Toemaar, kaptein. Dis nie ons weë nie. Die Here sal voorsien."

"Ek hoop jou geloof is groot genoeg vir ons almal, Jannerik."

"Hy's groot, kaptein," en sy ou gesig het stil geword in die lig van die vuur. "Baie groot."

Hulle is terug kombuis toe. Ryna het gebukkend by die tafel gestaan. Sy was besig om mond-tot-mond asemhaling op die ou babatjie toe te pas. Sy't orent gekom. Ag nee! Ag ... Here, nee!

Sy't die kind opgetel en hartverskeurend begin huil. Sy't na Jacob gekyk waar hy by die deur vasgenael bly staan het en haar oë het van die ergste vertel. "Jacob..."

Hy't die kind uit haar arms geneem. Hy het die kombersie van die koppie afgetrek en wanhopig na die stil gesiggie gekyk. En sy oor teen die mondjie gedruk en sy kop geskud.

En toe het Kinnie se kind 'n skree-geluidjie in die bruin sak gegee.

Daar was meteens 'n heilige stilte tussen die drie mense in die kombuis op Meeuland.

*Ons het woordeloos na mekaar gekyk. Jacob en Jannerlik en ek. En die een het geweet wat die ander dink. Ons het kontrak geteken sonder 'n pen of papier. En ons het mekaar belowe dat geen mens ooit sou weet nie. Jannerik sou vir Ousanna sê dat Kinnie se kind gesterf het. Voor die dag gebreek het, het Jacob 'n kissie gemaak. Ons het Elsabet se babatjie gaan begrawe met sonsopkoms. Die storm het stil geword. Daar was swartrugmeeue teen die oggendhemel. Ek het van 'n afstand af staan en kyk hoe Jannerik die gat spit by die oorhangende rots ver van die huis af. En hoe Jacob die kissie neerlê. En biddend in die hemel opkyk.*

*Ek het Jannerik saggies hoor huil. Ek het geweet dat my lewe nooit weer dieselfde sou wees nie. En dat ek vir ewig aan die mense van Meeuland verbind sou wees.*

. (bl. 80 – 81)

6.1 Wie het besluit om die babas om te ruil en dit geheim te hou? Noem die DRIE persone. (3)

6.2 Waarom kon Jacob nie vir Elsebeth land toe neem om geboorte te skenk nie? (1)

6.3 Waarom was Elsebeth onbewus van die gebeure rondom haar? (1)

6.4 Waarom het Jacob 'n vuur gemaak? (2)

6.5 6.5.1 Wat het daardie aand gebeur wat aanleiding gegee het dat die babas omgeruil moes word? (1)

6.5.2 Waarom het Jacob homself hiervoor blameer? (1)

6.5.3 Voltooi die volgende:

Na Elsabet se operasie sal sy nooit weer .... hê nie. (1)

6.6 Waarna verwys die guano-eiland? (1)

6.7 Wat sou Jannerik vir Ousanna sê? (1)

6.8 Aan wie het hierdie kontrak Ryna nou vir altyd verbind? (1)

6.9 Waarmee smokkel Skalla en Matthys? (1)

6.10 Wie was Skalla se venoot in die besigheid? (1)

6.11 Vul die ontbrekende woorde in:

Matthys word by ŉ (6.11.1) ... gevang en vir (6.11.2) ... maande na Pollsmoor gestuur. (2)

6.12 Waarom dink Hermanus dat Matthys beter af is as hy? (2)

6.13 Wat het daartoe aanleiding gegee dat Sheila selfmoord gepleeg het? (2)

6.14 Pas die karakters in KOLOM B by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die NOMMER (6.14.1 – 6.14.5) en die LETTER (A – F) van die antwoord wat jy kies neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.14.1 | Sy sit in ŉ rolstoel na ŉ ongeluk | A | Skalla |
| 6.14.2 | Geelbek is haar burgerradionaam | B | Attie |
| 6.14.3 | Hy is joviaal en entoesiasties | C | Fred |
| 6.14.4 | Hy is skelm en opstandig | D | Hansie |
| 6.14.5 | Sy is Fred se dogter | E | Tamara |
| | | F | Sheila |

(5 x 1) (5)

6.15 Doreen voel dat Ousanna se “blinde oë” haar deurboor.
Waarom voel sy so? (2)

6.16 Watter gawe het Ousanna? (1)

6.17 Waarom het Reggie nie dié aand kom eet nie? (2)

6.18 Wat presies het op Doreen se verjaarsdag gebeur? (2)

6.19 Wie se huis het Ryna gekoop? (1)

6.20 Kies die antwoord wat NIE PAS NIE. Skryf slegs die letter neer.

Jannerik gaan in die buitekamer bly omdat:

A Daar nie meer werk op Meeuland is nie.
B Kinnie dood is.
C Hy naby sy kleinkind wil wees.
D Hy naby sy familie wil wees. (1)

**[35]**

## AFDELING B: DRAMA

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

**Poppie het vir die eerste keer van die paswetstelsel in die Kaap bewus geword.**

Skryf ŉ OPSTEL van 250 – 300 woorde waarin jy Poppie se stryd bespreek om ŉ pas en verlenging daarvan te kry om in die Kaap aan te bly en te werk. **[35]**

**OF**

### VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

JAKKIE. Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop.

*Poppie sit op die blik, skryf ŉ brief aan tata-ka-Bonsile. Lees hardop.*

POPPIE. Op Saterdag het twee manne na ons huis gekom. Hulle sê: Iets het verkeerd gegaan by ons plek en die spoor loop na jou huis toe. Die moeilikheid is met ons meisiekind.

*Aan die anderkant van die verhoog ontvang en lees Stone die brief.*

STONE. Hulle vra damage-geld, soveel soos jy kan stuur. Die meisie is ŉ weeskind. Sy gaan saam met Bonsile skool, sy is saam met hom in st. 8. Die mense wat die geld vra, sê hulle het haar grootgemaak en nou is sy pregnant deur hom. Bonsile het haar geleerdheid bederf.

MOSIE. Tata-ka-Bonsile het veertig rand gestuur en die mense was tevrede. Maar daar het hierdie tyd ŉ groot eensaamheid en verlange in Poppie se hart gekom. Sy het gevoel: ek is ver van my mense af. Ek moet omsien na my kinders en ek is alleen. Wat gaan van my en my kinders word?

JAKKIE. Sy besluit om werk te soek in Oos-Londen as char, om te help betaal vir die kinders se skoolgeld. Maar voordat sy begin werk soek het, kry sy ŉ telegram.

POPPIE *(skrik; lees telegram).* "Jou man is baie siek. Verwag geld. Mamma" *(Na gehoor.)* Toe skrik ek, want ek weet as hulle sê verwag geld, is daar moeilikheid. Ek gaat toe na my buurman en sê vir hom: Kyk wat het ek gekry.

| | |
|---|---|
| BUURMAN. | Moenie huil nie, daar's niks verkeerd nie, jou ma sal nie die telegram direct aan jou gestuur het nie. |
| POPPIE. | Ek het by hulle sit en wag. En toe daarna kom 'n telegram van my oudste skoonsuster in Johannesburg. *(Lees.)* "Waar word Stone begrawe?" *(Praat verder in dooie stem.)* Hulle het aan haar 'n telegram gestuur waarin hulle reguit sê my man is oorlede, maar vir my het hulle gesê: verwag geld, jou man is siek. Maar ek het sommer gevóél hy is dood. |
| | (Ble. 47 – 48) |

8.1 Met wie praat Poppie? (1)

8.2 Wie is hierdie besoekers? (1)

8.3 Wat het die "twee manne" by Poppie se huis kom maak? (2)

8.4 Noem die beeldspraak in die volgende aanhaling: "Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop." (1)

8.5 Watter TWEE vervoermiddels is gebruik om Poppie-hulle na Mdantsane te neem? (2)

8.6 Vergelyk Poppie se huis in Jakkalsvlei met haar huis in Mdantsane. (2)

8.7 Kies die korrekte antwoord: Wat word iemand genoem wat teen die regeringswette in opstand kom?

A Katalisator
B Protagonis
C Antagonis
D Tritagonis (1)

8.8 Vul die ontbrekende woorde in:

Bonsile sou teruggaan (8.8.1 ...) om daar skool te gaan. Die meisiekinders sou na haar (8.8.2 ...) gaan. Kindjie en Vezi sou by (8.8.3 ...) gaan bly. (3)

8.9 Watter slegte nuus gee mnr. Strydom vir Poppie? (2)

8.10 Waarheen en na wie wou die pasbeampte vir Poppie stuur? (2)

8.11 Volgens Poppie kon sy nie daarheen gaan nie. Waarom nie? (2)

8.12 Watter TWEE voorwaardes stel Poppie as sy dan na die platteland moet weggestuur word? (2)

8.13 Poppie sê: "Ek is verby my tyd." Wat beteken dit? (1)

8.14 Watter invloed het die antwoord by VRAAG 8.12 op haar verlenging van haar pas? (2)

8.15 Pas naam in KOLOM B by die stelling van die karakter in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (8.15.1 – 8.15.5) en die en die LETTER (A – E) van die antwoord wat jy kies neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.15.1 | Sy noem hom tata-ka-Bonsile | A | Ouma Hannie |
| | | | |
| 8.15.2 | Poppie het by haar gewoon tot sy nege jaar oud was. | B | Nyanga |
| | | | |
| 8.15.3 | Poppie trek in 1956 na ... | C | Jakkie |
| | | | |
| 8.15.4 | Sy ideaal is om predikant te word. | D | Langa |
| | | | |
| 8.15.5 | 1960 – Swartmense is ongelukkig oor paswette en permitte na ... | E | Stone |
| | | F | Grootouma Kappie |

(5 x 1) (5)

8.16 Wat bedoel Poppie wanneer sy sê: “My hart het vir hulle ook doodgegaan.” (1)

8.17 Vul die ontbrekende woorde in. Die woorde wat jy invul, moet op die inhoud van die drama gebaseer wees. Skryf net die vraagnommer (8.16.1 – 8.16.4) en die antwoord neer.

Poppie se pas was nog nie reg nie. Die (8.17.1 ...) was besig in hul straat. Poppie het nooit die deur oopgemaak as die deurklokkie lui nie. As hulle Poppie sou vang, moes (8.17.2 ...) die boete betaal. (8.17.3 ...), se man) het gereël dat Poppie ŉ (8.17.4 ...) kry.

(4 x 1) (4)

8.18 In watter tydperk van Suid-Afrika se geskiedenis speel die drama af? (1)

**[35]**

**OF**

## VRAAG 9 OPSTELVRAAG

***PALJAS* – Chris Barnard**

**Hendrik se motor het op ’n dag met hom, Katrien en Willem gaan staan wat groot ongelukkigheid en ontsteltenis gelei het.**

Bespreek wat gebeur het in ’n OPSTEL van 250 – 300 woorde. Jou opstel moet ’n inleiding en slot hê.

Gee aandag aan die volgende

- Die rede vir Hendrik en Katrien se ontsteltenis
- Willem se reaksie daaroor
- Manuel se invloed op Willem na die ontstellende gebeure van die dag
- Die uitwerking van die dag se gebeure op die hele gesin.

**[35]**

**OF**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

***PALJAS – Chris Barnard***

10.1 Hendrik se motor het op pad huis toe met hom, Katrien en Willem gaan staan. Hy en Katrien het kort daarna begin argumenteer. Katrien het twee goed gekoop waarvan Hendrik daardie oggend eers gehoor het. Dit het hom baie ontstel.

Wat was hierdie twee goed? (2)

10.2 Waarvan beskuldig Katrien vir Hendrik as sy sê: Jy pas ’n stasietjie op waarvan almal vergeet het.” (1)

10.3 Waarom het Willem verdwyn? (1)

10.4 Waarheen het hy gegaan? (1)

10.5 Waarom het Willem juis daarheen gegaan? (2)

10.6 Het dit hom gehelp deur daarheen te gaan? Motiveer jou antwoord. (2)

Die dorpskerk van buite gesien. ŉ Mens hoor die gemeente sing.

ŉ Lang stuk teerpad. Die nar kom op ŉ fiets aangery. Hy het sy sirkuspak aan en sy gesig is gegrimeer. Hy kom verby en ry teen ŉ afdraande af. Voor hom in die laagte lê die dorpie. Die kerk is groot en wit tussen al die dakke. Die maan sit langs die kerktoring.

In die kerk sit die gemeente aandagtig en luister na die dominee se dreunende stem.

DOMINEE: Omdat ons in sonde ontvang en gebore is, is ons horende doof en siende blind. Ons luister, maar ons hoor nie; ons kyk, maar ons sien nie. Die verlossende genade is tot ons beskikking, maar ons maak nie daarvan gebruik nie. Ons kyk dit mis. Ons stel nie daarin belang nie. Maar, liewe gemeente, ek sê vanmôre vir u – God is ŉ toornige god. Hy laat nie met hom spot nie. Dié van ons wat hardkoppig sy genade en sy belofte van verlossing bly verwerp, vir ons bly daar nog net die vuur en die swael van sy toorn oor. Vir dié van ons kyk en nie sien nie, bly daar nog net – *(Die nar kom by die voordeur in. Hy probeer so saggies en onsigbaar moontlik al teen die muur langs insluip. Hy gaan sit in die heel agterste bank.)* Vir dié van ons wat sy verlossende genade nie wil – vir dié van ons – *(Maar die dominee het nou heeltemal sy draad verloor. Hy staan vir die nar en kyk. Die nar sit uitdrukkingloos en plegtig voor hom en uitstaar. Een gemeentelid kyk om; twee ander kyk om; nog ses of sewe kyk. Die dominee kyk na die ouderlingbank.)* Broer, asseblief. *(Niemand roer nie.)* Broer Bothma! *(Broer Bothma kom orent en kyk hulpeloos na die dominee.)* Verwyder asseblief vir ons die grapmaker.

(Bl. 69 – 70)

Meervoudigekeuse-vrae

- Kies telkens die korrekte antwoord.
- Skryf die letter en die antwoord langs die vraagnommer neer.

10.7 Watter EEN van die onderstaande is NIE ŉ TEMA in Paljas NIE?

A die liefdesdriehoek tema.
B die liefdesverhouding tussen Nollie en Emma.
C die vriendskap tussen Willem en Frans.
D onverdraagsaamheid en vooroordeel. (1)

10.8 Die nar was nie welkom in die kerk nie omdat ...

A hy nie deel van die gemeenskap was nie.
B hulle hom gesien het as iemand wat kan moeilikheid maak.
C omdat hy anders gelyk het as die ander in die kerk.
D mense te gou oordeel. (1)

10.9 Die ouderlinge word beskryf as "swartgeklede kraaie wat in die straat uitstorm". Dit is ŉ voorbeeld van ...

A Eufemisme
B Metafoor
C Personifikasie
D Vergelyking (1)

10.10 Manuel, die nar, gaan kerk toe omdat:

A Willem gevra het of teken ŉ sonde is.
B Hy lank laas in die kerk was.
C Hy vriende wou maak.
D Die dominee hom genooi het. (1)

10.11 Hendrik is nie ...

A ongeduldig nie.
B pligsgetrou nie.
C oneerlik nie.
D ŉ romantiese siel nie. (1)

10.12 Kies die korrekte antwoord:

Die atmosfeer in die huis terwyl almal gereed maak vir die Volstruisdans is (vrolik, hartseer, bedruk). (1)

10.13 Wat het gebeur toe die McDonalds by die dans aankom? (1)

10.14 Wat stel Hendrik voor moet hulle doen toe hulle by die huis aankom? (2)

10.15 Katrien sit haar arms om Hendrik. Waarom doen sy dit? (2)

10.16 Om watter rede verwerp die gemeenskap die McDonalds? (1)

10.17 Dit wat met die nar gebeur het, beïnvloed die gesinsverhoudinge in die McDonald-gesin positief.

Vul die ontbrekende woorde in die volgende sin in.

Die McDonalds kuier nou baie meer as ŉ (10.17.1 ...) saam en (10.17.2 ...) nou oor dinge wat hulle pla. (2)

10.18 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

10.18.1 Manuel gaan weg omdat hy nie meer daar wou bly nie. (1)

10.18.2 Motiveer jou antwoord deur na die verhaalgebeure te verwys. (1)

10.19 Pas die naam in KOLOM B by inligting in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (10.19.1 – 10.19.5) en die LETTER (A – F) van die antwoord wat jy kies uit KOLOM B neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 10.19.1 | grapmaker en kunstenaar | A | Jan Mol |
| | | | |
| 10.19.2 | ’n boer in die omgewing | B | Nollie Kemp |
| | | | |
| 10.19.3 | aantreklik en eensaam | C | Hendrik |
| | | | |
| 10.19.4 | praat te veel | D | Willem |
| | | | |
| 10.19.5 | kunstig en sensitief | E | Frans |
| | | | |
| | | F | Manuel |

(5 x 1) (5)

10.20 Beantwoord die volgende vrae.

10.20.1 Wat noem ons dit wat die karakters sê? (1)

10.20.2 Kies die korrekte antwoord:

Die hoofkarakter van ’n drama is die (antagonis; protagonis). (1)

10.20.3 Wat word die opwindendste of belangrikste deel van ’n verhaal genoem? (1)

10.20.4 Wat noem ons die plek waar ’n verhaal afspeel?

10.20.5 Wat is die boodskap van die verhaal? (2)

**[35]**

## AFDELING C: KORTVERHALE

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

### VRAAG 11: OPSTELVRAAG

***STORIEJOERNAAL***

***Astra Castra* –** Dot Serfontein

**Bespreek die verandering wat daar by Ettie en meneer Bester plaasgevind het deur die loop van die verhaal in 250 – 300 woorde.**

Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê. Jy kan gebruik maak van die volgende hoofpunte:

- Ettie se persoonlikheid aan die begin van die verhaal.
- Haar groei deur die loop van die verhaal.
- Meneer Bester se persoonlikheid.
- Sy optrede teenoor Ettie.
- Ettie se perspektief van meneer Bester aan die einde van die verhaal.

**[35]**

**OF**

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

## *STORIEJOERNAAL*

***Die Pakkie* –** Leonard Koza

Lees die onderstaande uittreksels uit die kortverhaal en beantwoord die vrae wat op elk gebaseer is.

> Mevrou Filander is besig om die tafel skoon te vee. Sy maak aartappel- en uieskille bymekaar om in die vullisdrom te gooi. Met die skielike oopmaak van die agterdeur gewaar sy iemand by die agterdeur wat allerhande soorte handgebare maak. Eers dink sy die man het nie al sy varkies op hok nie.
>
> Sy gaan loer skelmpies deur haar kamervenster. Tot haar verbasing moet sy sien dat die snaakse handgebare vir Esther gemaak word.
>
> Esther skrik tot in haar tone toe toe haar ma skielik basuin: "Maak daai domkop met die earring in die oo' by die hekkie vi' djou signs?"
>
> Esther skrik so groot dat sy verbouereerd antwoord: "Ja! ... Nee! ..."
>
> Dadelik volg mevrou Filander haar vraag op: "En waarvandaan kom dié ding en wat soek hy voo' my blerrie hek ? Ek hettie tyd vi' skollies nie."
>
> Esther maak nou wilde handgebare terug terwyl sy sê: "Hy is nie ŉ skollie nie. Ons is in een klas."
>
> Mevrou Filander word kwaad: "'ŉ Mopkop met ŉ earring in die een oor, maa' hy issie ŉ skollie nie maa' ŉ skoolkind!" Sy bedek haar gesig met haar twee hande en sê: "Slaat my dood as daai mopkop nie ŉ skollie issie."
>
> Esther druk ŉ pakkie toegedraai in koerantpapier onder haar arm vas en dit het haar ma baie bekommerd.
>
> "Wat is daai onne' djou arm toegedraai in koerantpapier? Djy kommie uit die kamer voordat ek wiet wie is daai wat by die hek staan nie."
>
> Daar is geen manier hoe Esther haar maat by die hek kan waarsku dat daar nou moeilikheid is nie. Op sy beurt kan hy nie loop voordat hy die pakkie by Esther gekry het nie. Nog minder wil Esther haar ma sê wat in die pakkie is en wat haar maat by die hekkie met die pakkie te doen het.
>
> "Gie daai pakkie hie' of sê my wat is daarin," beveel haar ma. Mevrou Filander is vasbeslote om uit te vind wat in die pakkie is.
>
> Esther vee die trane met haar mou af en sê: "Dis nie Mammie se biesigheid nie. Gee my ŉ kans en ek sal explain."
>
> (Bl. 137)

12.1 In watter voorstad in Kaapstad speel hierdie verhaal af? (2)

12.2 Noem TWEE tipes misdaad waarvoor hierdie voorstad bekend is? (2)

12.3 Wat het Esther daardie dag by haar gehad toe sy in haar kamer verdwyn het nog voordat haar ma haar behoorlik kon teruggroet? (1)

12.4 Pas die inligting in KOLOM B by die naam in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (12.4.1 – 12.4.5) en die LETTER (A – F) van die antwoord wat jy kies neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 12.4.1 | Sally Filander | A | Pang se vrou |
| | | | |
| 12.4.2 | Pang Doodmaak | B | Sy tweede naam is bang vir niks |
| | | | |
| 12.4.3 | Jakkals | C | Bendeleier in Elsiesrivier |
| | | | |
| 12.4.4 | Slang | D | Jong man by Sally se hek |
| | | | |
| 12.4.5 | Miena | E | Moena se vriendin |
| | | | |
| | | F | Slang se vrou |

(5 x 1) (5)

12.5 Noem EEN fisiese eienskap van die jong man by mev. Filander se hek wat haar die indruk gegee het dat hy ŉ skollie is en nie ŉ skoolkind soos Esther gesê het nie. (1)

12.6 Waarom druk Esther die pakkie onder haar arm vas? (1)

12.7 *Die skare wat in die straat saamdrom, dink mev. Filander is besig met "biesagheid".*

12.7.1 Wat is die '*biesagheid*' wat die skare dink mev. Filander doen? (1)

12.7.2 Gee TWEE redes waarom hulle dink sy dit doen. (2)

12.8 Waarom dink jy het mev. Filander die teken van die kruis gemaak voor sy die deur oopmaak? (2)

12.9 Die man wat by mev. Filander se huis opdaag, pas in die stereotipe van ŉ bendeleier.

12.9.1 Wat gee vir ons die idee dat hy ŉ bendeleier is? (2)

12.9.2 Waarom is hy en sy vrou haastig? (2)

12.10 Meervoudigekeuse-vrae

- Kies telkens die korrekte antwoord.
- Skryf die letter en die antwoord langs die vraagnommer neer.

12.10.1 Sally Filander ken Pang se ma, ...

A Miena.
B Minnie.
C Moena.
D Meyra. (1)

12.10.2 Almal het lank gelede in ... gebly.

A Distrik Ses
B Manenberg
C Elsiesrivier
D Athlone (1)

12.10.3 Pang se pa is ...

A lid van die bende.
B lank gelede oorlede.
C familie van Sally.
D te lui om te werk. (1)

12.10.4 Sally het vir Pang ... toe hy klein was.

A aangeneem
B opgepas
C skoolgehou
D gebad (1)

12.10.5 Slang verwag dat Pang ... teenoor mev. Filander moet optree.

A saggies
B aggressief
C vriendelik
D vreemd (1)

12.11 Waarvoor/Vir wie bid mev. Filander waarskynlik elke aand? (2)

12.12 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die volgende is ’n vorm van:

12.12.1 *“Die biesagheid issie soe dangerous as dit gerun word deur die regte skelmpies nie”*:

Hierdie is ’n voorbeeld van (oordrywing, ironie, eufemisme) (1)

12.12.2 Pang sê sy pa het gesê : “*live and let live*”. Sy naam is egter Pang Doodmaak.

Hierdie is ’n voorbeeld van (oordrywing, ironie, eufemisme). (1)

12.13 Pang groet vir Miena aan die einde van die verhaal met “sharp”.

12.13.1 Wat bedoel hy met hierdie uitdrukking? (1)

12.13.2 Waaroor stem hy met Miena saam? (1)

12.13.3 Wat het Pang gesien wat hom só gelukkig maak? (1)

12.14 Kies die betekenis wat pas by die bendetaal.

| UITDRUKKING | | BETEKENIS | |
|---|---|---|---|
| 12.14.1 | “vi” o’s ***apie laat draw nie*** ” | A | doodmaak |
| | | | |
| 12.14.2 | “ek maak jou ***sat*** ” | B | weggaan |
| | | | |
| | | C | ’n gek van ons maak |

(2)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**OF**

## AFDELING D: GEDIGTE

BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE UIT VERSJOERNAAL.

## VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

***Woorde*** **– Vincent Oliphant**

my woorde het nie die krag
om bose magte tot 'n val te bring nie
my woorde kan bloot sing

my woorde is nie 'n dak
om onder te skuil nie
my woorde is swak

my woorde kan nie keer
dat ons die kromme note haal nie
my woorde is kaal

glo tog
my woorde het nie die byt
van koeëls en grofgeskut nie
nee
my woorde kan bloot bid
en pleit
en wens
medeburgers van die lewe
dat ons van grense sal vergeet
en bloot mens sal wees
en medemens

[Uit: *Die sagte vlees*, 1998]

13.1 Van watter woorde praat die spreker? (1)

13.2 Kies die korrekte antwoord:

Die (digter/ek-verteller) is hier aan die woord. (1)

13.3 Watter beeldspraak kom in reël 3 voor?
**"My woorde kan bloot sing"**. (½)

13.4 Strofe 1: Wat kan die woorde van die digter **nie** doen **nie**? (1)

13.5 Noem DRIE dinge wat die digter se woorde **kan** doen. Skryf slegs die woorde neer. (3)

13.6 Kies uit KOLOM B die verduidelikings wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (13.6.1 – 13.6.3) en die korrekte alfabetletter uit KOLOM B.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 13.6.1 | "'n dak om onder te skuil" | A | Medemens. |
| | | | |
| 13.6.2 | "die kromme note haal" | B | 'n Skuilplek. |
| | | | |
| 13.6.3 | "medeburgers van die lewe" | C | Die verkeerde note speel. |
| | | | |
| | | D | 'n Probleem kan slegs met baie/groot moeite opgelos word. |
| | | | |
| | | | |

(3 x 1) (3)

13.7 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit die laaste strofe aan wat beklemtoon hoe <u>**desperaat**</u> die digter by die leser pleit om hom te glo. (1)

13.8 Hoe beklemtoon die digter dat **woorde** vir hom belangrik is? (1)

13.9 Op watter wyse word **"nee"** in die gedig beklemtoon? (1)

13.10 Wat beteken:
**"my woorde het nie die byt**
**van koeëls en grofgeskut nie"** (reëls 11 – 12)? (2)

13.11 Gee 'n woord met **dieselfde** betekenis (sinoniem) as die woord: ***"bloot"*** (reëls 14 en 17). (1)

13.12 Wat is die **boodskap/les** in hierdie gedig? (2)

**[17½]**

**OF**

## VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

***Thumela* – E. Barnard**

tot siens meneer
het jy geskree
en vir oulaas gemaak ernstig
na ’n kennisgewingbord
met hordes sportaankondigings
en lyste eksamenroosters
wat jou nie meer kon raak
gestaar
jou boeksak toe
met ’n wilde tol
die lug ingeskiet
en ’n geskiedenisboek gepos
sodat die blaaie
verward
oor die verlate skoolvierkant saai
terwyl jy laggend
om ’n hoek verdwyn
gemaak geskok
het meneer weggedraai
maar ek het bly wonder
of dit vir jou
dan niks beteken

[Uit: *Poort,* 1983]

14.1 Waar speel die gedig af? (1)

14.2 Motiveer jou antwoord by VRAAG 14.1 deur TWEE LOSSTAANDE WOORDE uit die gedig aan te haal. (2)

14.3 Beeldspraak:

14.3.1 Watter beeldspraak kom by reëls 13 – 15 voor?

**“sodat die blaaie**
**verward**
**oor die verlate skoolvierkant saai”** (½)

14.3.2 Verduidelik jou antwoord by VRAAG 14.3. (1)

14.4 Kies uit KOLOM B die verduidelikings wat by die woorde in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (14.5.1 – 14.5.3) en die korrekte alfabetletter (A – D) uit KOLOM B.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 14.4.1 | Thumela | A | deurmekaar |
| | | | |
| 14.4.2 | oulaas | B | om te verwelkom |
| | | | |
| 14.4.3 | verward | C | beteken “om weg te stuur” |
| | | | |
| | | D | vir die laaste keer |

(3 x 1) (3)

14.5 Noem EEN karaktereienskap van hierdie skoolverlater EN motiveer jou antwoord. (2)

14.6 Noem DRIE dinge wat die seun gedoen het nadat hy sy onderwyser gegroet het. (3)

14.7 Watter tipe rym kom in die gedig voor? (1)

14.8 Watter woord wys dat daar nou ŉ **verandering** in die gedig kom? **Haal** die woord **aan**. (1)

14.9 Waarna verwys ***“dit”*** in reël 21? (1)

14.10 Waarom gebruik die digter geen punktuasie in hierdie gedig nie? (Funksie?) (1)

14.11 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit die gedig aan as bewys dat die skoolverlater se gedrag die spreker laat aanhou dink het. (1)

**[17½]**

**OF**

## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Spore op die maan – Koos du Plessis**

Elke nuwe plan lê hopeloos verfrommel,
want iets sê: “Stomme drommel
die ruimte lê vol rommel”
En ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Want die stad blom elke nag,
strooi sy saad en skemerdag
breek staal spruite deur die aardkors.
waar jy gaan.
Rommelberge groei omheen
en daar’s swaelsuur in die reën-
en kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Waarheen sou ek gaan?
Ontvlug is onbegonne;
selfs droom is onbesonne,
want die wêreld is oorwonne
en ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe paaie om te baan;
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Elke hektaar is verkoop,
elke opstal lê gesloop
en die wêreld wag verwese, in die waan
dat ’n wonder sal gebeur
om sy ruspeleërs te keer –
maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Vlug na berg of woud …
Meen jy dat daar geeneen is;
dat jy eindelik alleen is?
Ag, verspreiders loer op Venus
en ek begin verstaan
Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Elke woord is retoriek,
elke droom is bloot plastiek
en atoom’s die idioom van wie verstaan.
Iewers moet ’n rusplek wees
vir die afgematte gees-
maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan;
duisend donker spore op die maan.
Kyk, daar lê reeds spore op die maan.

[Uit: *Kinders van die wind en ander lirieke,* 1981]

15.1 Waarna verwys "elke nuwe plan" in reël 1? (1)

15.2 Kies uit KOLOM B die verduidelikings wat by die aanhalings in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (15.2.1 – 15.2.4) en die korrekte alfabetletter (A – D) uit KOLOM B.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 15.2.1 | "die ruimte lê vol rommel" | A | Die mense wat die natuur vernietig. |
| | | | |
| 15.2.2 | "die stad blom elke nag" | B | Die hele hemelruim is besoedel. |
| | | | |
| 15.2.3 | "ruspeleërs" | C | Daar lê reeds spore op die maan. |
| | | | |
| | | D | Die stadsligte skep die idee van blomme. |
| | | | |
| | | | |

(3 x 1) (3)

15.3 Watter beeldspraak is: "**s**trooi **s**y **s**aad en **s**kemerdag"? (½)

15.4 Watter woord in versreël 2 lei 'n **rede** in? (1)

15.5 Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 4? (1)

15.6 Wat is die funksie van die herhaling wat regdeur die verhaal voorkom? (2)

15.7 Wat beteken **"ontvlug is onbegonne"** in reël 15? (2)

15.8 Waarheen het die spreker oorweeg om te gaan? (1)

15.9 Waarna verwys "elke hektaar " in reël 21? (1)

15.10 Watter DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE in strofe 4 sê dat dié wonder **nie** sal gebeur **nie**? (1)

15.11 Wat is die funksie van die **ellips** in versreël 27? (1)

15.12 **Kies die korrekte antwoord tussen hakies.**

**Retoriek** in reël 34 beteken:
(plastiek; wetenskaplikes; blote praatjies) (1)

15.13 Die aanhaling: ***"Kyk, daar lê reeds spore op die maan"*** word in die slotstrofe twee keer herhaal, in vergelyking met die een keer in die ander strofes. Waarom? (2)

**[17½]**

**OF**

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Wie's hy? – Adam Small**

Die poet,
wie's hy?
Djulle het so baie bek oorie poet,
ma wie's hy?
Is hy rêrag soes djulle dink
die ou moerie pen ennie ink
wat in sy study sit en poems dink?

Nai,
djulle's mistaken,
nie hy nie
ma djúlle is die poets,
djulle wat innie straat in loep
ennie gladde bek verkoep
ma die dinge sê
en soema net daa God tien hulle roep!

[Uit: *Sê sjibbolet*, 1963]

16.1 Waarom vra die spreker twee keer wie die ware digter is? (Wat is die funksie daarvan?) (1)

16.2 Watter beeldspraak is die onderstreepte gedeeltes in die volgende aanhaling?

**"Djulle het so baie bek oorie poet,"** (½)

16.3 Kies uit KOLOM B die aanhaling wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (16.3.1 – 16.3.3) en die korrekte alfabetletter (A – D) uit KOLOM B.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 16.3.1 | Iemand wat maklik en vinnig praat. | A | "baie bek het" |
| | | | |
| 16.3.2 | Baie te sê het. | B | "God tien hulle roep" |
| | | | |
| 16.3.3 | Julle maak 'n fout. | C | "gladde bek" |
| | | | |
| | | D | "djulle's mistaken" |

(3 x1) (3)

16.4 Verduidelik hoe die spreker 'n tradisionele digter in strofe 1 beskryf. (2)

16.5 Verskaf die korrekte Afrikaanse woord vir: **"study"** soos in die gedig gebruik. (1)

16.6 Watter TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE sê dat die leser verkeerd is as hy dink dat slegs geleerde mense gedigte skryf. Haal aan. (2)

16.7 Waarom staan die woord: "Nai" (reël 8) alleen in die versreël? (1)

16.8 Kies die korrekte antwoord.

As wat staan die taalgebruik in die gedig bekend?

A Standaardafrikaans
B Politiese korrekte Afrikaans
C Noordkaap-Afrikaans
D Kaapse-Afrikaans (1)

16.9 Wat is die funksie van die volgende aksentteken in reël 11?
**"ma djúlle is die poets"**. (1)

16.10 Gee **TWEE** redes waarom die spreker die gewone mens in die straat eerder beskou as digters. (2)

16.11 Voltooi die volgende sin:
In strofe 1 (16.11.1) ... die digter vir die leser wie die eintlike digter is. In strofe 2 (16.11.2) ... hy die leser. (2)

16.12 Kies die korrekte antwoord tussen hakies:

Die digter (bevraagteken; berispe; bewonder) die man op straat se taalvermoë. (1)
**[17½]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**